BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c Vrydag 5 September 1980 WINDHOEK Friday 5 September 1980 No. 4265

INHOUD:

PROKLAMASIE:

Bladsy

No. AG. 55 Bekendmaking Ingevolge Artikel 3 van Proklamasie AG. 54 van 1980 van Aanwysing van Sekere Wetgewende Owerhede Kragtens Artikel 2 van daardie Proklamasie, en Voorsiening Ingevolge Genoemde Artikel 3 vir Verkiesings ten Opsigte van daardie Wetgewende Owerhede 1

CONTENTS:

PROCLAMATION:

Page

No. AG. 55 Making Known in Terms of Section 3 of Proclamation AG. 54 of 1980 of the Designation of Certain Legislative Authorities under Section 2 of that Proclamation, and Provision in Terms of the said Section 3 for Elections in Respect of such Legislative Authorities 1

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 55 1980

BEKENDMAKING INGEVOLGE ARTIKEL 3 VAN PROKLAMASIE AG. 54 VAN 1980 VAN AANWYSING VAN SEKERE WETGEWENDE OWERHEDE KRAGTENS ARTIKEL 2 VAN DAARDIE PROKLAMASIE, EN VOORSIENING INGEVOLGE GENOEMDE ARTIKEL 3 VIR VERKIESINGS TEN OPSIGTE VAN DAARDIE WETGEWENDE OWERHEDE

Ingevolge artikel 3 van die Partylysverkiesingsproklamasie, 1980 (Proklamasie AG. 54 van 1980), verklaar ek hierby —

(a) dat ek die wetgewende owerhede in kolom 1 van die Bylae genoem, kragtens artikel 2 van genoemde Proklamasie aangewys het;

(b) dat 'n registrasiehof op 29 September 1980 op die plek in kolom 2 van die Bylae teenoor die naam van 'n wetgewende owerheid aangegee, sitting sal

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 55 1980

MAKING KNOWN IN TERMS OF SECTION 3 OF PROCLAMATION AG. 54 OF 1980 OF THE DESIGNATION OF CERTAIN LEGISLATIVE AUTHORITIES UNDER SECTION 2 OF THAT PROCLAMATION, AND PROVISION IN TEMS OF THE SAID SECTION 3 FOR ELECTIONS IN RESPECT OF SUCH LEGISLATIVE AUTHORITIES

In terms of section 3 of the Party List Elections Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 54 of 1980), I hereby declare —

(a) that I have designated under section 2 of the said Proclamation the legislative authorities mentioned in column 1 of the Schedule;

(b) that a registration court will sit on 29 September 1980 at the place specified in column 2 of the Schedule opposite the name of a legislative

hou om die registrasiestukke te ontvang van enige politieke organisasie wat deur middel van 'n lys van kandidate aan die verkiesing ten opsigte van die betrokke wetgewende owerheid of, in die geval van 'n verkiesing op stamgrondslag, die verkiesing ten opsigte van die betrokke stam wil deelneem en nie reeds voor daardie datum ooreenkomstig artikel 4 van genoemde Proklamasie vir die betrokke verkiesing geregistreer het nie;

(c) dat, in die geval van elke sodanige verkiesing ten opsigte waarvan 'n stemming ingevolge artikel 6(11) van genoemde Proklamasie nodig word omdat daar by die einde van die sitting van die registrasiehof meer as een politieke organisasie is wat vir die betrokke verkiesing geregistreer het, die stemming op 11, 12 en 13 November 1980 plaasvind vanaf 07h00 tot 19h00 op elk van daardie dae maar dat die voorsittende beampte by 'n stemburo, ingevolge artikel 17 van genoemde Proklamasie, die stemming by daardie stemburo op 11 en 12 November 1980 later as 19h00 kan sluit.

Hierby word voorts vir algemene inligting bekend gemaak dat, ooreenkomstig artikel 6(2) en (4) van genoemde Proklamasie, die sitting van 'n registrasiehof op 29 September 1980 van 09h00 tot 13h00 sal duur, en registrasiestukke nie ná 13h00 ontvang kan word nie maar indien 'n verteenwoordiger van 'n politieke organisasie om 13h00 in die hof aanwesig is en gereed is om registrasiestukke ten opsigte van daardie politieke organisasie voor te lê, die voorsitter van die registrasiehof hom 'n geleentheid moet gee om dit te doen.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal Windhoek, 5 September 1980

authority, to receive the registration documents of any political organization that desires to take part, by means of a list of candidates, in the election in respect of the legislative authority concerned or, in the case of an election on tribal basis, the election in respect of the tribe concerned, and has not before that date already registered for the election concerned in terms of section 4 of the said Proclamation;

(c) that, in the case of every such election in respect of which a poll becomes necessary in terms of section 6(11) of the said Proclamation for the reason that at the close of the sitting of the registration court there is more than one political organization that has registered for the election concerned, the poll shall take place on 11, 12 and 13 November 1980 from 07h00 to 19h00 on each of those days but that the presiding officer at any polling station may, in terms of section 17 of the said Proclamation, on 11 and 12 November 1980 close the poll at such polling station later than 19h00.

It is furthermore hereby made known for general information that, in accordance with the provisions of section 6(2) and (4) of the said Proclamation, the sitting of any registration court on 29 September 1980 will continue from 09h00 to 13h00, and registration documents may not be received after 13h00 but if any representative of a political organization is at 13h00 present in the court and ready to submit registration documents in respect of that political organization, the chairman of the registration court shall give him an opportunity to do so.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General Windhoek, 5 September 1980

## BYLAE/SCHEDULE

| Kolom 1/Column 1<br>Naam van wetgewende owerheid/<br>Name of legislative authority | Kolom 2/Column 2<br>Plek vir sitting van registrasiehof/<br>Place for sitting of registration court |
|---|---|
| 1. Wetgewende Vergadering van die Capriviane/<br>Legislative Assembly of the Caprivians | Landdroskantoor/Magistrate's Office<br>KATIMA MULILO |
| 2. Wetgewende Vergadering van die Kavango's/<br>Legislative Assembly of the Kavangos | Hofsaal, Landdroskantoor/Court-room, Magistrate's Office<br>RUNDU |
| 3. Wetgewende Vergadering van die Damaras/<br>Legislative Assembly of the Damaras | Raadsaal, Administrasiekantore van die Administrasie vir Damaras/Conference Hall, Administration Offices of the Administration for Damaras<br>KHORIXAS |

| | |
|---|---|
| 4. Wetgewende Vergadering van die Herero's/ Legislative Assembly of the Hereros | Kamer 11, Gebou van Departement van Staatkundige Ontwikkeling, Hoek van Kaiserstraat en Klein-Windhoekweg/Room 11, Building of the Department of Constitutional Development, Corner of Kaiser Street and Klein Windhoek Road<br>WINDHOEK |
| 5. Wetgewende Vergadering van die Tswanas/ Legislative Assembly of the Tswanas | Kamer 35, Hooggeregshofgebou/Room 35, Supreme Court Building<br>WINDHOEK |
| 6. Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge/ Legislative Assembly of the Coloureds | Kamer 32, Hooggeregshofgebou/Room 32, Supreme Court Building<br>WINDHOEK |
| 7. Wetgewende Vergadering van die Namas/ Legislative Assembly of the Namas | B-hof, Landdroskantoor/B Court, Magistrate's Office<br>KEETMANSHOOP |